

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 2**

**14 Januarie 2024**

## Nuwe dag..jaar… met geskiedenis

**Deur die Here se troue liefde is ons nie doodgemaak nie. Hy hou nooit op om vir ons om te gee nie. Op U ontferming kan 'n mens altyd vertrou. Dit is elke oggend nuut.**
**- Klaagliedere 3:22, 23 -**

Dis waar dat elke nuwe dag saam met God nuut is. Elke dag, elke uur, soms selfs elke minuut is 'n nuwe geleentheid tot oorgawe aan Hom en afhanklikheid van Hom. Elke dag gee God nuwe ervarings en nuwe seëninge en nuwe maniere om Hom te leer ken. Maar elke dag wat ons saam met God deurbring, bou ons aan die geskiedenis van ons verhouding met Hom. Wanneer 'n nuwe ervaring dus opduik, kan ons terugkyk en sien hoe God ons versterk, gelei en gehelp het in 'n vorige situasie. Daarom, terwyl elke dag 'n nuwe begin is, is dit 'n nuwe begin met 'n geskiedenis wat elke dag groei en ontwikkel.

## Probleem of geleentheid?

**Ons jubel selfs in ons swaarkry, want ons besef dat die swaarkry ons leer om te volhard. Op sy beurt kweek volharding betroubaarheid van karakter; en betroubaarheid van karakter versterk ons toekomsverwagting.**
**En hiedie toekomsverwagting sal ons nie teleurstel nie, want ons weet hoe lief God ons het.**
**- Rom 5:3-5**
**-**

Maak die probleme wat jy in die lewe moet trotseer jou sterker? Of maak hulle jou moedeloos, wanhopig of kwaad? God laat nie probleme in ons lewe toe sodat hulle net padblokkades of spoedbulte moet wees nie. Hy het ons lief, so waarom sou Hy dit doen? Het jy al ooit gesien as 'n boom heeltemal vooroor gebuig staan teen die wind en dan gewonder wat keer dit om te breek? Diesefde wind wat dit toets, het dit ook sterk en buigsaam gemaak. Net so sorg probleme dat ons altyd maar weer na God toe gaan, op Hom vertrou, om Sy hulp en leiding vra. Probleme gee ons die geleentheid om te sien hoe God ons help. Met elke probleem wat Hy oplos, leer ons dat ons Hom meer kan vertrou. Is dit nie 'n wonderlike manier om na probleme te kyk nie?

**Sterk bome het dit nie maklik nie.**
**Hoe sterker die wind, hoe sterker die bome.**
**- Williard Marriott –**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.
- Vir Eskom, water krisisse, onrus en nood in ons land.
- Vir almal op die paaie.
- Vir die nuwe geleenthede saam met God hierdie jaar!

**Gebedsversoeke**

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Frik Blom |
| • Maria Steyn | Ria Putter |
| • Oom Sampie Swart | Tannie Martie de Beer |
| • Jaco Steenkamp | Karl Olsen |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Louis Strauss | Amoré Alberts |
| • Annika Killian | Sumari Pretorius |
| • Leonie Kruger | Willie Viljoen |
| • Albert Glockzin | Annatjie Pienaar |
| • Jillian Jansen | Rudi Kruger |
| • Willie Britz | Jaap Naude |
| • Tilly van Huysen | Flippie Roslee |
| • Tannie Anna Chandler | |

## Gedagte vir die week

**Jy moet elke dag van voor af op God begin vertrou,**
**asof niks al gedoen is nie.**
**- C.S. Lewis –**

**Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org